


Kleefvoete vir Suid-Afrikaanse duiwe

As 'n mens deesdae in 'n Suid-Afrikaanse stad soos Johannesburg, Kaapstad of Durban 'n aantal duiwe sien wat rondwag asof hulle kougom onder hulle voete het, dan beteken dit dat die jongste oorlog teen weereens duiwe suksesvol was.

Hierdie oorlog is geloods deur 'n Durbanse deskundige wat onderneem het om Suid-Afrikaanse geboue te vrywaar teen die pes van duiwe wat orals hulle dakke, vensterbanke en ander uitstekende gedeeltes sit. Die deskundige is mnr. Tony Stiebel, wat duiwe verjaag deur hulle 'n kleefgevoel aan hulle voete te gee.

Sy wapen is lang strepe jellie wat vasgeplak word op lyste van geboue waar duiwe gewoonlik neerstryk. In baie Suid-Afrikaanse stede, soos in Europa, is posduiwe 'n groot plaag en veral in Johannesburg bestee die eienaars van sommige geboue duisende rande per jaar om die wit dekorasie wat duiwe agterlaat, te verwyder. Die skoonmaakkoste van die bekende Reserwe-bank gebou in Johannesburg het sulke afmetings aangeneem dat die hulp van Tony Stiebel ingeroep is.

Onmiddellik nadat mnr. Stiebel se assistent die jellie op die vensterkosyne aangebring het, het 'n trop duiwe neergestryk en daarop gaan sit.



De assistent van meneer Tony Stiebel is hier bezig om met een speciaal apparaat de strook gelatine aan een vensterkozijn te bevestigen van het bekende Reserve-bankgebouw in Johannesburg. Van de assistent wordt verwacht dat hij geen hoogtevrees heeft, daar hij op de moeilijkste plaatsen de gelatine moet aanbrengen. De witte bepleistering van het kozijn duidt aan hoe groot het duivenprobleem in dit gebouw was — en hoe groot dit nu bij een ander gebouw moet zijn.

Die jellie het onder hulle gewig ingesak en die duwe het mekaar verleë aangekyk. Daar was duidelik iets verkeerd en toe die voëls probeer opvlieg, en hulle ontdek dat hulle voete vasplak aan die jellie het hulle die skrik van hulle lewe opgedoen.

Skrik groot

Mnr. Stiebel het laggend verduidelik: 'Dit is hoe hierdie jellie werk. Geen dierebeskermingsvereniging kan beswaar hierteen maak nie. Die duiwe skrik net baie groot, vlieg weg en sal nooit meer terugkom nie.

Indien hulle wel terugkom, kry hulle dieselfde nare ondervinding vir 'n tweede keer.'

In Durban het ook baie voëls die snaakse gevoel gekry asof hulle kougom onder hulle voete het. Mnr. Stiebel het daar oorlog gevoer teen 'n ander pes, die van die Indiese mynah, wat dikwels hulle neste probeer maak in verkeersligte. Kleef-kleef het mnr. Stiebel hulle verwyder en die Durbanse munisipaliteit het hul dank teenoor hom uitgespreek.

Ook in Durban het duiwe 'n geliefkocde plekie gevind bo op die standbeeld van Generaal Jan Smuts. Die probleem het so erg geword dat die Generaal met lang wit strepe deur die voëls geverf is en die bokant van sy hoed was so wit soos die van 'n Paryse verkeerspoliseman. Mnr. Stiebel het die hoed beplak met sy strokies jellie en van die dag af het die duiwe vir General Smuts 'n persona non grata bevind. Hulle soek nou nog steeds na 'n bruikbare staatsman in Durban op wie se hoof huile kan sit.

Vanaf mnr. Stiebel sy anti-duiwe-oorlog begin het, het hulle navrae vir sy dienste van oor die hele land gekom. Huiseienaars wat wraak wil neem teen buurman se posduiwe, wat hulle dak gratis wit verf, is prominent onder hulle. Banke, verskeringsmaatskappye, groot winkels en ander geboue soek sy dienste om hulle duifproef te maak.

Maar nou nog een probleem: waarheen gaan al die duiwe wat deur hierdie, 'n Engelse uitvinding, afgeskrik word?

Mnr. Stiebel lag: 'Aangesien ek hulle nie doodmaak nie, vlieg hulle natuurlik na ander geboue. Dan veroorsaak hulle daar 'n plaag en dan neem dit nie lank voordat die eienaars van so 'n gebou weer na my toe kom. Jy kan sien, dit is die beste manier van sake doen — jy begin met een gebou en dan klop al die ander aan jou deur.'

(Overgenomen uit Nieuws uit Zuid-Afrika — juni 1967).